

Hoofstuk van die dag: 1 Johannes 4

> *Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik. (1 Joh 4:12)*

Ons lewe in ’n tyd waarin die evangelie soos nog nooit tevore

in die geskiedenis nie beskikbaar is vir mense. Die Bybel is die top boekverkoper sedert die uitvinding van die boekdrukkuns. Tog is dit vandag nog net so moontlik om aan al dié boodskappe te ontkom as jy wil. ’n Radio of TV kan jy afskakel, die kerk kan jy vermy, en jy hoef nie ’n Bybel te besit of ’n geestelike boek te lees as jy nie wil nie. Om die waarheid te sê, dis vandag, in die naam van godsdiensvryheid, makliker as vroeër om jou ore toe te druk vir die verkondiging van die evangelie. Baie van ons het grootgeword met skole waar die Bybel baie sigbaar en hoorbaar is; deesdae is daar al meer druk op skole om geen godsdiens te hê nie.
Johannes verseker ons dat niemand God kan afskakel in sy lewe nie; nie as ons sy liefde leef nie. Want, sê Johannes, Hy word sigbaar en hoorbaar deur óns, sy kinders, as ons liefhet (vers 12).
Jý is God se boodskap!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026